

Die Simboliek van die Voortrekkermonument

Die Monument is gebou as 'n huldeblyk aan die Voortrekkers wat beskawing na die binneland gebring het, en daarom vorm orde, meetkundige presiesheid en simmetrie deel van die ontwerp van die Monument. Die simboliek is soos volg:

Hek:

Die assegaai stel die mag van Dingane voor wat die weg van beskawing wou versper.

Laermuur:

'n Laer van 64 waens verleen simboliese beskerming aan die Monument.

Hoekfigure:

Die vier hoekfigure, nl. Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter en die Onbekende Voortrekkerleiers, vorm 'n simboliese erewag.

Vrou- en kinderbeeld

Hierdie beeld is simbolies van die beskawing en Christendom wat deur die vrou op die Groot Trek gehandhaaf en uitgebou is.

Swartwildebeeste:

Simbolies van Dingane se krygers, maar ook van barbarisme wat voor die beskawing moes wyk.

Driehoekige lys:

Bo-om die Monument is 'n lys van driehoekvormige depressies. Dit simboliseer vrugbaarheid. Die beskawing wat deur die Voortrekkers gebring is, moet groei.

Buffelkop:

Die buffel is die gevaarlikste verdediger in die Suid-Afrikaanse dierelewe. Hierdie buffelkop verdedig die Monument simbolies teen aanslae van buite.

Senotaaf:

(Kenos = leeg, taphos = graf). Dit is die simboliese rusplaas van Piet Retief en al die Voortrekkers wat tydens die Groot Trek gesterf het.

Sonstraal:

In die boonste koepel van die Monument is 'n opening waardeur die son skyn. Elke jaar op 16 Desember (Geloftedag – kyk paneel 20) om twaalfuur, skyn die sonstraal op die woorde "Ons vir jou Suid-Afrika". Die woorde kom uit die Suid-Afrikaanse volkslied. Die sonstraal is simbolies van God se seën wat op die werk en strewes van die Voortrekkers gerus het.

Vloer:

Die heldesaal se vloer is met wyer wordende kringe marmer uitgewerk, net die senotaaf as uitgangspunt. Hierdie ontwerp, wat watergolfies voorstel nadat 'n klip in die water gegooi is, word wyer totdat dit die hele gebou vul. Dit simboliseer die verspreiding van die gees van opoffering wat van die Voortrekkers uitgegaan het, totdat die gevolge daarvan die hele land gevul het.

Koepels:

Bokant die heldesaal is 'n koepel met 'n groot ronde opening in die middel, wat deur 'n tweede koepel oortop word. Die omvang van die groot daad van die Voortrekkers word deur die boonste koepel aangedui. As die lyne van hierdie koepel deurgetrek word, sou dit die hele Monument in een groot sirkel omvang.

Vlam:

Simbolies van die vlam van die beskawing wat in Suid-Afrika brand.